# ANTARKTIESE BULLETIN

*Sponsored by—Onder beskerming van*

**BP South Africa (Pty.) Ltd.**

JULY to DECEMBER — 1968 — No. 26 — JULIE tot DESEMBER

**Published by the South African Antarctic Association**
**32 Park Avenue, Bordeaux, Randburg**

**Uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Antarktiese Vereniging**
**Parklaan 32, Bordeaux, Randburg**

**Patrons/Beskermhere : Prof. S.P. Jackson, M.A., D.I.C., Ph.D.**
**Dr. S. Meiring Naude, M.Sc., Ph.D., D.Sc.h.c., L.L.D.h.c.**
**Mnr. D.J.Joubert, B.A. LL.B.**

**Editor/Redakteur: D. G. Torr**


## REDAKSIONEEL — EDITORIAL

Die Suid-Afrikaanse Antarktiese Vereniging verwelkom Mnr. D.J. Joubert, Sekretaris van Vervoer, wat ingestem het om medebeskermheer van die Vereniging saam met Prof. S.P. Jackson en Dr. S. Meiring Naudé te word.

Daniël Jacobus Joubert is gebore op 8 Februarie 1909 in die distrik Dundee, Natal, waar hy ook sy Laer- en Hoërskoolopleiding ontvang het. Gedurende die periode 1929 tot 1933 het Mnr. Joubert aan die Universiteit van Stellenbosch studeer en die graad B.A. en LL.B. behaal. Na sy universiteitsopleiding was hy vir 'n paar jaar klerk van die destydse Regter-President van die Transvaal.

Gedurende 1936 is Mnr. Joubert egter aangestel as Assistent-sekretaris van die destydse Sentrale Padvervoerraad vanwaar hy gevorder het tot Sekretaris van Vervoer in 1957. Mnr. Joubert is ook Voorsitter van die Raad vir Uitvoer van Bederfbare Produkte, van die Nasionale Vervoerkommissie, van die Raad van Trustees van die Sportstigting van Suid-Afrika. Verder is Mnr. Joubert ook President van die Federasie vir Jeug en Sport, asook 'n lid van die Wetenskaplike Adviesraad van die Eerste Minister.

Mnr. Joubert is nog steeds die houer van verskeie skool-, interskool-, universiteits-, Dalrymple en Provinsiale rekords. Was sedert 1931 die houer van die Suid-Afrikaanse 100 tree rekord, naamlik 9.4 sekondes, maar hierdie rekord is onlangs deur Paul Nash verbeter. Die wêreldrekord wat hy in 1931 opgestel het, is eers in 1951 deur Mel Patton verbeter. Mnr. Joubert het in 1931 sowel as 1932 Springbokkleure verwerf. Tans speel Mnr. Joubert graag 'n putjie golf maar weens 'n baie druk program, kry hy maar selde die geleentheid daarvoor.

Mnr. Joubert het 'n intense belangstelling in boerdery en bring graag 'n besoekie aan sy plaas in die distrik van Warmbad, waar hy hoofsaaklik met beeste boer.

Hy is getroud met Adeline du Toit en het drie kinders. Die twee oudstes, Danie en Liliette het die grade B.A. LL.B. en B.A. onderskeidelik aan die Universiteit van Pretoria verwerf en albei is reeds getroud. Die jongste, Mareliese, is egter nog op skool aan die Hoër-Meisieskool, Pretoria.

# SESDE JAARLIKSE DINEE VAN DIE VERENIGING

Die sesde jaarlikse dinee van die Suid-Afrikaanse Vereniging is in die Constantiaklub, Pretoria, gehou op Saterdagaand, 20 Julie 1968. Die W.K. Groblersaal was gevul met 80 gaste.

Die eregaste aanwesig was Prof. S.P. Jackson, Dr. en Mev. S.M. Naudé, Dr. en Mev. F.J. Hewitt, Mnr. en Mev. D. Neethling, Mnr. en Mev. K.A. Lee en Mnr. en Mev. O.E.F. Baker. Mnre. Lee en Baker is ampsdraers van B P Suidelike Afrika, skenker van die Suid-Afrikaanse Antarktiese Medalje.

Verskonings is ontvang van Dr. Edna Plumstead van die Universiteit van die Witwatersrand en Prof. E.M. van Zinderen Bakker van die Universiteit van die Oranje Vrystaat. Ander vername persone wat die funksie bygewoon het was Prof. P. Stoker van die Universiteit van Potchefstroom en Mnr. D. Kingwill van die W.N.N.R. Dr. Charles Lautenbach het as seremoniemeester opgetree, 'n taak wat hy op besonder luimige wyse vervul het.

In sy openingswoorde het Mnr. D. Neethling, voorsitter van die Vereniging, 'n spesiale woord van verwelkoming ge-